



ORDONNANSIES

VAN

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

1932

GEPUBLISEER OP GESAG

En gedruk onder toesig van die Staatsdrukker

PRYS 5s.

DIE STAATSDRUKKER
PRETORIA
1932

9943—16/9/32—1,300

INHOUD.
(Alfabeties.)

| NOMMER VAN ORDONNANSIE. | TITTEL. | BLADSY. |
|-------------------------------|---|---------|
| 1932 | | |
| 2 | Addisionele Toeëienings (1931-32)..... | 2 |
| 8 | Begraafplaas..... | 22 |
| 3 | Lisensies (Kontrole), 1931..... | 3 |
| 6 | Perdewedrenne en Weddenskappe Wysigings..... | 20 |
| 11 | Plaaslike Bestuur Wysigings..... | 28 |
| 4 | Skutte Wysigings..... | 16 |
| 9 | Toeëienings (1932-33)..... | 25 |
| 1 | Toeëienings (Deel 1932-33)..... | 1 |
| 7 | Twede Toeëienings (Deel 1932-33)..... | 21 |
| 5 | Visbeskerming Wysigings..... | 19 |
| 10 | Weëfonds (Opskorting van Betaling 1932-33)..... | 27 |

'N ORDONNANSIEOrd. No.
van 1932.

Tot aanwending van 'n som van hoogstens £600,000 op Rekening vir die dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1933.

(Goedgekeur 30 Maart 1932.)

(Datum van inwerktrading, 31 Maart 1932.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg BEPAAL:—

1. Op en na die eerste dag van April 1932 mag uit die Prowinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrekk word, by mekaar geneem nie meer te bedra dan die som van ses honderd duisend pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1933, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëienings-ordonnansie.

£600,000 mag verstrekk word uit die Prowinsiale Inkomstefonds.

2. Alle somme wat uitgekeer word kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, sal aangemerk word as voorskotte op rekening van toelae wat sal verleen word in 'n Toeëienings-ordonnansie vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1933, en dadelik by die aanvang van sulke Toeëienings-ordonnansie sal hierdie Ordonnansie ophou van krag te wees, en uitkerings wat hieronder al gemaak is sal geag word uitkerings te wees gemaak kragtens die Toeëienings-ordonnansie en sal verantwoord word ooreenkomstig met die bepalinge daarvan; mits dat geen dienste waarop geen uitgawe was beloop nie gedurende die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1932, of waarvoor geen wettige magtiging bestaan nie, sal geag word onder hierdie Ordonnansie, gemagtig te wees.

Uitkerings onder hierdie Ordonnansie aangemerk te word as voorlopige voorskotte.

3. Hierby word sodanige somme geld as wat nodig is, in totaal hoogstens vyf-en-dertig duisend pond, op die Weëfonds Rekening geboek tot tyd en wyl die Raad daarvoor voorsiening maak in 'n Toeëienings-ordonnansie.

£35,000 kan van Weëfonds uitgerek word.

4. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Toeëienings (Deel 1932-1933) Ordonnansie, 1932.

Korte titel.

Ord. No. 2
van 1932.

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere som geld van hoogstens £108,758 vir die diens van die Provinsie Transvaal vir die tydperk van die 1ste dag van April 1931 tot die 31ste dag van Maart 1932.

(Goedgekeur 30 Maart 1932.)

(Datum van inwerktrading, 31 Maart 1932.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

Provin-
siale
Inkomste-
fonds
belas met
£108,758.

1. Die Provinsiale Inkomstefonds van Transvaal word hierby belas vir die dienste van die genoemde Provinsie, vir die tydperk van die 1ste dag van April 1931 tot die 31ste Maart 1932, albei dae inbegrepe, met 'n verdere som van hoogstens een honderd en ag duisend sewehonderd ag-en-vyftig pond bowe die somme waarin voorsien is deur die Toeëienings (1931-1932) Ordonnansie, 1931.

Hoe geld
sal
aangewend
word.

2. Die geld deur hierdie Ordonnansie toegestaan sal aangewend word vir die doeleindes en vir die dienste wat genoem is in die skedule wat hierby gevoeg is, in ooreenstemming met die poste en subhoofde, besonderlik uiteengesit en genoem in die Begroting van Addisionele Toeëiening vir die genoemde tydperk, soas deur die Provinsiale Raad goedgekeur.

Korte
tietel.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Addisionele Toeëienings (1931-1932) Ordonnansie, 1932.

Skedule.

| Nommer van Pos. | Diens. | Bedrag. |
|-----------------|---|----------|
| 3 | Hospitale en Liefdadige Instellings..... | £ 1,850 |
| 4 | Weë, Brûe en Plaaslike Werke..... | 43,175 |
| 7 | Kapitaal Uitgawe— | |
| | Spesiale Toelae van Unie Regering vir Weë- aanleg..... | 60,433 |
| | Hulptoelae en Lenings, Warmbad Raad van Kuratore..... | 3,300 |
| | | £108,758 |

'N ORDONNANSIEOrd. No. 3
van 1932.

Tot Konsolidasie en Wysiging van die Wet betreffende die
Kontrolle op die uitreiking van sekere Handels- en
Bedryfslisensies.

(Aangeneem deur Provinsiale Raad, 6 Mei 1931.)

(Goedgekeur 4 Junie 1932.)*

(Datum van inwerkingtreding, 8 Junie 1932.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Trans-
vaal as volg BEPAAL:—

1. Die Wette in die eerste skedule van hierdie Ordonnansie genoem, word hierby her-
roep. Herroeping
van Wette.

2. Tensy uit die verband blyk dat 'n ander betekenis daaraan geheg moet word, beteken
in hierdie Ordonnansie:— Definisies.

- „Administrateur” die amptenaar benoem
kragtens artikel *agt-en-sestig* van die
„Suid-Afrika Wet” 1909, of enige
wysiging daarvan, handelende op die
gesag van die Uitvoerende Komitee;
- „gemagtigde amptenaar”, enige ampte-
naar behoorlik gemagtig deur 'n Plaas-
like Bestuur of deur 'n Raad na gelang
van die geval, om sertifikate ingevolge
hierdie Ordonnansie deur hulle uitge-
reik namens hulle, te onderteken;
- „Raad”, die Landelike Lisensieraad inge-
stel ingevolge artikel *drie* van hierdie
Ordonnansie;
- „verordening”, 'n verordening gemaak
deur 'n Plaaslike Bestuur ingevolge die
bepalings van Deel II van Hoofstuk
VII van die Plaaslike Bestuur Ordon-
nansie, 1926 of enige wysiging daar-
van;
- „sertifikaat”, die dokument in die voorge-
skrewe vorm toegestaan deur 'n Plaas-
like Bestuur of Raad, na gelang van
die geval, ingevolge artikel *sewe* mag-
tigende die uitreiking van 'n Lisensie
ten opsigte van die bedrywe en besig-
hede uiteengesit in die Twede Skedule
van hierdie Ordonnansie;

* Proklamasie No. 79, *Buitengewone Staatskoerant* No.
2043, van 4 Junie 1932.

**Ord. No. 3
van 1932.**

- „ offisiële koerant ’’, die Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal;
- „ algemene handelaar ’’, ook enige persoon wat een of meer van die bedrywe of besighede, vermeld in die Tweede Skedule van hierdie Ordonnansie, uitoefen, uitgesonder die besigheid van Venter of Marskramer;
- „ plaaslike bestuur ’’, ’n stads- of dorpsraad, ingestel ingevolge die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926, of enige wysiging daarvan;
- „ magistraat ’’, ’n magistraat, assistent-magistraat of ’n amptenaar wat volgens Wet as sodanig fungeer;
- „ Munisipaliteit ’’, die gebied of distrik wat onder die kontrole en regsmag van ’n Plaaslike Bestuur gestel is;
- „ persoon ’’, ook ’n firma, deelgenootskap of maatskappy;
- „ perseel ’’, enige plek of gebou gebruik of bedoel vir gebruik vir die uitoefening van enige van die bedrywe of besighede vermeld in die Tweede Skedule van hierdie Ordonnansie;
- „ voorgeskrewe ’’, by regulasie kragtens hierdie Ordonnansie voorgeskrewe;
- „ landelike gebied ’’, die gebied of distrik onder die regsmag van die raad geplaas.

Samestelling van Landelike Lisensierade.

3. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd by Proklamasie in die Offisiële Koerant:—

- (a) vir enige gebied buite ’n munisipaliteit ’n Raad samestel, Landelike Lisensieraad genoem, bestaande uit ’n Magistraat as Voorsitter en minstens twee of hoogstens vier persone, met dien verstande dat geen algemene handelaar, soos in artikel twee hiervan omskrewe, nòg Venter, nòg Marskramer op ’n Raad benoem mag word of as lid van ’n Raad kan fungeer nie,
- (b) die regsgebied van bedoelde Raad uitbrei, wysig of beperk en te eniger tyd met gegronde rede bedoelde raad ophef of ontbind.

(2) Die Landelike Lisensierade, wat voor die aanvang van hierdie Ordonnansie kragtens die Algemene Handelaars (Kontrole) Ordonnansie 1926, ingestel en in die Derde Skedule hiervan genoem is, moet beskou word as Landelike Lisensierade volgens hierdie Ordonnansie ingestel.

4. (1) Behoudens die bepalings van artikel *tien* mag geen lisensie vir die bedrywe en besighede, uiteengesit in die Tweede Skedule hiervan, deur 'n Ontvanger van Inkomste aan iemand uitgereik word nie, tensy die bedoelde persoon met sy aansoek vir lisensie 'n sertifikaat vertoon.

Aansoek vir lisensie moet vergesel gaan van sertifikate, ook die uitgereik voor afkondiging van hierdie Ordonnansie.

Ord. No. 3 van 1932.

(2) 'n Sertifikaat, deur 'n Plaaslike Bestuur of Raad uitgereik ingevolge enige wet wat by hierdie Ordonnansie herroep word, is van nul en gener waarde, as op of voor die datum van afkondiging van hierdie Ordonnansie nog geen lisensie op sodanige sertifikaat toegestaan is nie.

5. (1) Iemand, wat 'n lisensie verlang soos omskrewe in subartikel (1) van artikel *vier* van hierdie Ordonnansie moet vir 'n sertifikaat aansoek doen—

Aansoek vir sertifikate prosedure

(a) by die Plaaslike Bestuur, ingeval van 'n bedryf of besigheid geleë binne 'n munisipaliteit; en

(b) by die raad, ingeval van 'n bedryf of besigheid geleë in 'n landelike gebied.

(2) Alvorens aansoek gedoen word moet applikant op 'n in-die-oogvallende plek op die perseel waarop hy van plan is die besigheid te dryf, in die voorgeskrewe vorm en gedurende die voorgeskrewe tydperk, 'n kennisgewing vertoon betreffende sy voorneme om vir genoemde sertifikaat aansoek te doen. Die bepalings van hierdie subartikel is nie van toepassing nie op iemand wat 'n lisensie verlang vir die uitoefening van die bedryf van venter of marskramer.

(3) Elke applikant vir 'n sertifikaat moet by sy aansoek daarvoor—

(a) die voorgeskrewe vorm in soverre die van toepassing is, behoorlik invul en die voorgeskrewe fooi betaal, en

(b) indien vereis deur die betrokke plaaslike bestuur of raad, volgens die voorgeskrewe voorwaardes 'n plan indien van die perseel waar hy voornemens is sy bedryf of besigheid uit te oefen.

6. (1) Die plaaslike bestuur of die raad, na gelang van die geval, moet nie later as twee maande na ontvangs van 'n aansoek, soos voornoemd, 'n sertifikaat ingevolge die bepalings van artikel *sewe* van hierdie Ordonnansie toestaan of weier.

Uitreiking van sertifikate.

**Ord. No. 3
van 1932.**

(2) 'n Sertifikaat, uitgereik na aanleiding van 'n aansoek ingevolge subartikel (3) van die voorafgaande artikel, moet—

- (a) die persele en die handelsnaam, firma of styl en die aard van die bedryf of besigheid ten opsigte waarvan die sertifikaat uitgereik is, beskrywe, met vermelding van die naam van die persoon wat werklik die bedryf of besigheid sal bestuur en beheer;
- (b) sodanige ewentuele voorwaardes bevat as ingevolge artikel *veertien* van hierdie Ordonnansie gestel kan word;
- (c) deur 'n gemagtigde amptenaar geteken word.

Omstandig-
hede waar-
onder
sertifikate
toegestaan
of geweler
kan word.

7. (1) Die plaaslike bestuur of raad kan binne die munisipaliteit of landelike gebied, na gelang van die geval, na goedvinde 'n sertifikaat toestaan of weier.

(2) Wanneer by 'n plaaslike bestuur aansoek vir 'n sertifikaat gedoen word deur of namens iemand, wie se naam, perseel en besonderhede van die lisensies waarvoor aansoek gedoen word nie op die lys van die munisipaliteit, vermeld in artikel *tien* van hierdie Ordonnansie, voorkom, dan mag bedoelde aansoek nie oorweeg word nie, tensy—

- (a) die mediese gesondheidsbeampte van die plaaslike bestuur of 'n geneesheer, deur die plaaslike bestuur aangewys, gerapporteer het dat die perseel doelmatig en geskik is vir die uitoefening daarop van die voorgenome besigheid, en dat aan hom geen rede bekend is waarom die bedoelde sertifikaat uit 'n volksgesondheidsoogpunt geweier sou word, of anders
- (b) die plaaslike bestuur by die hoofpolisiebeampte in die munisipaliteit navraag gedoen het of daar iets teen die applikant of teen die persoon wat werklik die bedryf of besigheid sal bestuur of beheer, bekend is, wat onder die aandag van die genoemde plaaslike bestuur behoort gebring te word.

(3) Wanneer by 'n raad aansoek gedoen word vir 'n sertifikaat vir 'n lisensie deur of namens 'n persoon wie se naam, perseel en besonderhede van die aangevraagde lisensie nie voorkom op die lys van die landelike gebied nie, vermeld in artikel *tien* van hierdie

Ordonnansie mag bedoelde aansoek nie oorweeg word nie, tensy die raad by die hoofpoliesiebeampte vir die gebied navraag gedoen het of daar iets teen die applikant of teen die persoon wat werklik die besigheid sal bestuur of beheer bekend is wat onder die aandag van genoemde raad behoort gebring te word.

Ord. No. 3
van 1932.

(4) Wanneer by 'n raad aansoek vir 'n sertifikaat gedoen word deur of namens enige persoon hoegenaamd, kan die raad, alvorens bedoelde aansoek te oorweeg of nader te oorweeg, van die applikant verlang om op sy eie rekening 'n sertifikaat te verskaf van 'n geneesheer, deur die raad erken, verklarende dat aan hom geen rede bekend is nie waarom bedoelde sertifikaat uit 'n volksgesondheidsop-punt geweier sou word.

(5) Ongeag enige teenstrydige bepaling in hierdie artikel vervat, besit die Administrateur die reg om, onder handtekening van die Provinsiale Sekretaris 'n sertifikaat aan die applikant uit te reik, indien hy oortuig is dat 'n aansoek ingevolge hierdie artikel alleen van die hand gewys is om rede dat daar reeds 'n voldoende aantal bedrywe of besighede van dieselfde aard binne die besondere gebied of plek is ten opsigte waarvan die sertifikaat aangevra word, en sodanige sertifikaat sal vir alle doeleindes beskou word as 'n sertifikaat deur die Plaaslike Bestuur of Raad uitgereik.

8. Binne drie maande vanaf die datum van toekenning van 'n sertifikaat moet 'n lisensie uitgeneem word, tensy genoemde tydperk van drie maande op skriftelike aansoek van die applikant en na betaling van 'n fooi van vyf shillings, vir 'n verdere tydperk van hoogstens drie maande, deur die betrokke plaaslike bestuur of raad verleng is. As die lisensie by afloop van genoemde tydperk of enige verlenging daarvan nie uitgeneem is nie, soos in hierdie subartikel bepaal, dan verval so'n sertifikaat.

Lisensie moet binne sekere tyd uitgeneem word.

9. (1) Die bepalings van subartikel (1) van artikel *een-en-veertig* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926, of enige wysiging daarvan is *mutatis mutandis* van toepassing op die verrigtinge van 'n plaaslike bestuur betreffende aansoeke vir sertifikate of verplasing-sertifikate in verband met hierdie Ordonnansie.

Belanghebbende Raadslede mag nie stem nie.

Ord. No. 3
van 1932.

(2) As te eniger tyd weens die bepalings van subartikel (1) van hierdie artikel 'n kworum van lede van 'n plaaslike bestuur of van die komitee van so'n plaaslike bestuur, waaraan die bevoegdhede en pligte aan die plaaslike bestuur verleen en opgedra ingevolge artikel *agt-en-twintig* (1) van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926, of enige wysiging daarvan, oorgedra is nie, verkry kan word om die aansoek te oorweeg nie, dan is die orige lede van bedoelde plaaslike bestuur of komitee geregtig om sodanige aansoek te behandel, met dien verstande dat die orige lede minstens drie in aantal moet wees. As die orige lede minder as drie is, kan die Administrateur enige gekwalifiseerde persoon of persone benoem om die vereiste aantal op te maak.

Opmaking
en aan-
houding
van lys.

10. (1) Na die afkondiging van hierdie Ordonnansie is elke plaaslike bestuur of raad verplig om 'n lys van die name van alle persone (met inbegrip van die name van alle lede van firmas of deelgenootskappe) op te maak, by te hou en aan te hou of te laat opmaak, te laat byhou en te laat aanhou, wat dan regmatig (met wettig-uitgereikte lisensies) handeldryf as algemene handelaars (soos in artikel *twee* van hierdie Ordonnansie omskrywe), binne die munisipaliteit of landelike gebied, na gelang van die geval; met 'n volledige beskrywing vir identifikasie-doeleindes van die verskillende persele waarop bedoelde persone hulle bedryf uitoefen en van die aard van die bedryf of besigheid.

(2) Daarna is elke plaaslike bestuur of raad verplig om aan genoemde lys die name toe te voeg van elke wettig-gelisensieerde persoon (met inbegrip, ingeval van 'n firma of deelgenootskap, van die name van alle lede daarvan) wat na verkryging van 'n sertifikaat ingevolge hierdie Ordonnansie—

- (a) as algemene handelaars (soos omskrywe in artikel *twee* van hierdie Ordonnansie) binne die munisipaliteit of die landelike gebied, na gelang van die geval, begin te handel; en
- (b) aan die plaaslike bestuur of raad ingevolge artikel *elf* (1) van hierdie Ordonnansie daarvan kennis gegee het;

saam met 'n beskrywing, voldoende vir identifikasiedoeleindes, van die persele waarop bedoelde persone met die uitoefening van hulle bedryf 'n aanvang gemaak het, en die aard van die bedryf of besigheid.

**Ord. No. 3
van 1932.**

(3) Iemand, wie se naam op bedoelde lys geplaas is, behoef geen sertifikaat uit te neem nie soos hierbo omskrywe, tensy—

- (a) hy te eniger tyd, weens enige rede hoe-genaamd, ophou persoonlik sy bedryf op die perseel uit te oefen; of
- (b) daar 'n verandering in die personeel of eienaars of bestuur van die besigheid of in die lede van die firma of deelgenootskap gekom het of in die styl of naam waaronder die besigheid gedryf word; of
- (c) hy sy besigheid na 'n ander perseel verplaas het; of
- (d) hy die aard van sy besigheid verander het; of
- (e) hy onder enige ander omstandigheid verplig is volgens bestaande wetgewing om 'n nuwe lisensie uit te neem in verband met die uitoefening of bestuur van enige bedryf of besigheid, vermeld in die tweede skedule van hierdie Ordonnansie;

met dien verstande dat die tydelike sluiting van besighede deur siekte of afwesigheid van die eenaar of bestuurder daarvan, deur brand, oorstroming of ander ongeval, nie as 'n staking van die bedryf beskou sal word nie, indien die lisensiehouer nog die eenaar of huurder van die perseel is, en die bedryfsgoedere en voorrade nie voor bedoelde sluiting van die perseel verwyder is nie.

(4) Elke lys moet op alle redelike tye ter insage lê van magistrate; belastingsamptenare; winkelinspekteurs, benoem ingevolge die Winkelure-Ordonnansie van 1923 of enige wysiging daarvan; of polisie beamptes.

(5) Elke plaaslike bestuur of raad is verplig om van tyd tot tyd die nodige wysiginge in bedoelde lys aan te bring of te laat aanbring.

(6) Die bepalinge van hierdie artikel is nie van toepassing op venters of marskramers nie, wat jaarliks by die betrokke plaaslike bestuur of raad 'n sertifikaat vir 'n lisensie, of hernuwing daarvan, moet aanvra.

11. (1) Elkeen aan wie 'n sertifikaat ingevolge hierdie Ordonnansie deur 'n plaaslike bestuur of raad uitgereik is, moet onmiddellik aan bedoelde plaaslike bestuur of raad, na gelang van die geval, kennis gee dat hy met die uitoefening van die bedryf of besigheid ten opsigte waarvan 'n lisensie op die bedoelde sertifikaat toegestaan is aangevang het.

Kennis-
gewing
van aan-
vang van
bedryf.

**Ord. No. 3
van 1932.**

(2) Iemand wat in gebreke bly om aan die bepalings van hierdie artikel te voldoen, is skuldig aan 'n oortreding.

Sertifikaat
vir
verplasing
kan toe-
gestaan
word.

12. (1) Wanneer 'n persoon, wie se naam op 'n lys voorkom, wat ingevolge die bepalings van die voorafgaande artikel opgemaak is, sy besigheid wil verplaas en op 'n ander perseel wens voort te sit, dan kan hy teen betaling van 'n fooi van vyf shillings by die plaaslike bestuur of raad, na gelang van die geval, aansoek doen vir 'n sertifikaat waarby die verplasing van die besigheid na 'n ander plek binne die munisipaliteit of die landelike gebied gemagtig word, en bedoelde sertifikaat moet dan toegestaan of geweier word, met dien verstande dat wanneer 'n plaaslike bestuur of raad 'n aansoek vir 'n verplasing-sertifikaat weens afloop van huurkontrak, brand of ander ongeval, weier, die applikant, na onmiddellike kennisgewing aan die betrokke plaaslike bestuur of raad van sy voorneme om 'n ander perseel te soek vir die voortsetting van sy besigheid, geregtig is om sy naam op die lys, genoem in die voorafgaande artikel, te hou, vir 'n tydperk van vier maande, gereken vanaf die datum van die afloop van die bo-bedoelde huurkontrak, of van die brand of ander ongeval; en gedurende die genoemde tydperk van vier maande is hy geregtig om sy aansoek vir 'n verplasing-sertifikaat, ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel, te hernuwe.

(2) 'n Sertifikaat deur die plaaslike bestuur of raad in so'n geval toegestaan, moet deur 'n gemagtigde beampte geteken word.

(3) Wanneer aansoek vir 'n sertifikaat ingevolge die bepalings van hierdie artikel by 'n plaaslike bestuur gedoen word, mag 'n sodanige sertifikaat nie toegestaan word nie, tensy die mediese gesondheidsbeampte vir die munisipaliteit of 'n geneesheer wat deur die plaaslike bestuur aangewys is, rapporteer dat die perseel vir die uitoefening daarop van die voorgestelde besigheid doelmatig en geskik is, en dat aan hom geen rede bekend is nie waarom genoemde sertifikaat uit 'n volksge-sondheidsoogpunt of weens ander gegronde en voldoende rede geweier sou word.

(4) Wanneer aansoek vir 'n sertifikaat ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel by 'n raad gedoen word, kan die raad van die

applikant verlang om op sy eie rekening 'n sertifikaat te lewer van 'n geneesheer wat deur die raad aangewys is.

Ord. No. 3
van 1932.

(5) Iemand wat miskien benadeel is deur die weiering om 'n sertifikaat ingevolge die bepalings van hierdie Ordonnansie uit te reik kan 'n beroep doen op die Administrateur en as die Administrateur na inwinning van die sienswyse van die plaaslike bestuur of raad, of, indien die sertifikaat uit 'n volksgesondheidsoogpunt geweier is, na raadpleging vir rekening van die applikant, van minstens twee onpartydige geneeshere, oortuig is dat bedoelde sertifikaat sonder redelike grond geweier is, kan hy onder handtekening van die Provinsiale Sekretaris 'n sertifikaat aan die applikant doen uitreik, en sodanige sertifikaat sal vir alle doeleindes beskou word as 'n sertifikaat deur die plaaslike bestuur of raad uitgereik.

13. Iemand (in die geval van 'n deelgenootskap ook ieder lid daarvan) wat sonder 'n sertifikaat, soos hierbo omskrywe met die uitoefening van 'n besigheid of bedryf aanvang of dit voortsit, is skuldig aan 'n oortreding.

Oortreding
ingeval
iemand
handel dryf
voordat 'n
sertifikaat
uitgeneem
is.

14. (1) Ongeag enige teenstrydige bepaling in hierdie Ordonnansie vervat, kan 'n plaaslike bestuur of raad by die uitreiking van 'n sertifikaat vir 'n lisensie, voorwaardes daarin opneem waarby die klas van besigheid wat op die perseel uitgeoefen sal word, omskrywe en beperk word, of voorwaardes ten opsigte van die persele, of sodanige ander voorwaardes as by verordening of regulasie ten opsigte van die voorgenome bedryf of besigheid voorgeskrywe kan word.

Voor-
waardes
kan op
sertifikaat
gestel word.

(2) Niemand aan wie 'n sertifikaat vir 'n lisensie uitgereik is, hetsy daarin voorwaardes opgeneem is in terme van subartikkel (1) van hierdie artikel of nie, mag sonder voorafgaande skriftelike goedkeuring van die betrokke plaaslike bestuur of raad, na gelang van die geval, enige verandering aan sy gebou laat aanbring.

(3) Iemand, handelende in stryd met die bepalings van subartikkel (2) van hierdie artikel, of in stryd met die voorwaardes ingevolge subartikkel (1) gestel is skuldig aan 'n oortreding.

**Ord. No. 3
van 1932.**

ALGEMEEN.

Foote en
boetes.

15. (1) Behoudens die bepalings van sub-artikel (5) van hierdie artikel word 'n plaaslike bestuur hierby gemagtig om verordeninge te maak, waarin die fooie vir sertifikate deur die bestuur ingevolge hierdie Ordonnansie uitgereik, vasgestel word.

(2) Subartikel (121) van artikel *tagtig* van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926, soos gewysig deur artikel *ses* (9) van Ordonnansie No. 4 van 1928 (hierna genoem die genoemde Ordonnansie) word hierby gewysig deur die woorde „ of kragtens enige ander wet ” daarin, te skrap.

(3) Ongeag die bepalings in subartikel (2) van hierdie artikel vervat, bly enige verordening wat ingevolge artikel *tagtig* (121) van genoemde Ordonnansie gemaak is en waarby fooie vir sertifikate, uitgereik ingevolge enige wet deur hierdie Ordonnansie herroep, vasgestel word, van krag totdat hulle deur verordeninge ooreenkomstig hierdie artikel gemaak, vervang word.

(4) Alle boetes, in verband met oortredings van hierdie Ordonnansie verhaal, is die eendom van die plaaslike bestuur van die munisipaliteit waarin die oortreding begaan is. Wanneer oortredings in 'n landelike gebied plaasvind, moet sodanige boetes in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word.

(5) Die fooi vir 'n sertifikaat vir 'n lisensie ten opsigte van 'n bedryf of besigheid mag nie meer wees nie as die bedrag in die Tweede Skedule van hierdie Ordonnansie vasgestel met betrekking tot sodanige bedryf of besigheid.

Boete vir
valse ver-
klarings,
ens.

16. As iemand, wanneer hy ingevolge hierdie Ordonnansie aansoek vir 'n sertifikaat doen met voorbedagte rade 'n valse verklaring maak, of deur valse voorstellings, bedrog, daad of lis, van watter aard ook, 'n sodanige sertifikaat verkry of probeer te verkry, is hy skuldig aan 'n oortreding en strafbaar met 'n boete van hoogstens £50; by nie-betaling te vervang deur gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, en behalwe die boete hierby vasgestel, kan 'n sertifikaat wat aan so'n persoon uitgereik is na goedvinde van die hof ingetrek word; en deur sodanige intrekking word bedoelde persoon daarna vir twaalf maande die reg op 'n nuwe sertifikaat ontê. Wanneer 'n sertifikaat ingevolge hier-

die artikel ingetrek word, moet die Hof die Ontvanger van Inkomste daarmee in kennis stel en dan mag die Ontvanger van Inkomste die lisensie nie hernuwe nie tensy op vertoon van 'n nuwe sertifikaat.

**Ord. No. 3
van 1932.**

17. Iemand wat hom skuldig maak aan 'n oortreding van die bepalinge van hierdie Ordonnansie of van enige verordening of regulasie daaronder gemaak waarvoor geen ander boete vasgestel is nie, is onderhewig aan 'n boete van hoogstens £50, by nie-betaling te vervang deur gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of aan beide genoemde boete en gevangenisstraf.

Boete vir oortreding van Ordonnansie, verordeninge of regulasies.

18. Die Administrateur kan regulasies maak betreffende—

Regulasies.

- (1) die omskrywing van alles wat omskrywe moet word;
- (2) die vasstelling van die ampsduur van raadslede, die metode van aanvulling van vakatures, die prosedure wat deur rade gevolg moet word, die aantal lede wat 'n kworum uitmaak, en toelaes wat aan lede betaal moet word;
- (3) 'n deeglike uitvoering in die algemeen van die oogmerke en doeleindes van hierdie Ordonnansie.

19. Behoudens wat uitsonderlik in hierdie Ordonnansie bepaal is, word die bepalinge daarvan beskou as 'n aanvulling, maar nie ter vervanging van enige bepalinge van enige ander Provinsiale Ordonnansie wat nie in stryd of onbestaanbaar is met hierdie Ordonnansie nie. As die bepalinge van enige ander Provinsiale Ordonnansie in stryd of onbestaanbaar is met hierdie Ordonnansie, dan is die bepalinge van hierdie Ordonnansie regsgeldig.

Bepalinge van hierdie Ordonnansie met betrekking tot ander Ordonnansies.

20. Alle proklamasies en regulasies uitgevaardig ingevolge die bepalinge van enige wet wat by hierdie Ordonnansie herroep word, en wat van krag is by die inwerkingtreding hiervan, sal nieteenstaande bedoelde herroeping, van krag bly totdat hulle ooreenkomstig die wet herroep of gewysig word.

Proklamasies, ens., wat van krag bly.

21. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Lisensie (Kontrole) Ordonnansie 1931.

Kort tittel.

Ord. No. 3
van 1932.

EERSTE SKEDULE

WETTE HERROEP.

| <i>Jaar en No. van Wet.</i> | <i>Kort tiitel.</i> | <i>Omvang van Herroeping.</i> |
|-----------------------------|---|---------------------------------|
| Ordonnansie No. 23 van 1905 | Revenue Licences Ord. 1905, Inkomste Lisensie Ord. | Subartikel (1) van artikel elf. |
| Ordonnansie No. 12 van 1926 | Algemene Handelaars (Kontrole) Ord., 1926 | Geheel. |
| Ord. No. 10 van 1927.. | Algemene Handelaars (Kontrole) Wysigings Ord., 1927 | Geheel. |
| Ord. No. 14 van 1930.. | Algemene Handelaars (Kontrole) Wysigings Ord., 1930 | Geheel. |

TWEDE SKEDULE.

1. Vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie het die woorde—

- „fabrikant van spuit- of minerale waters ”,
- „handelaar in spuit- of minerale waters ”,
- „apteker ”,
- „bakker ”,
- „slagter ”,
- „eethuisher ”,
- „handelaar in vars produkte ”,
- „algemene handelaar ”,
- „marskramer ”,
- „wassery-bestuurder ”,
- „meulenaar ”,
- „motorgarage-bestuurder ”,
- „pandhuisher ”,
- „venter ”,
- „restaurant, verversings of teekamerhouer ”,

die betekenis wat daaraan toegeken word in Deel Een van die Tweede Bylae tot die „Licenties Konsolidatie Wet, No. 32 van 1925 ” (soos gewysig) onderworpe aan die vrystellings daarin genoem.

2. Die respektiewe fooie ten opsigte van aansoeke vir onderstaande lisensiesertifikate bedra hoogstens:--

| | s. d. |
|--|-------|
| Fabrikant van spuit- of minerale waters ... | 5 0 |
| Handelaar in spuit- of minerale waters ... | 5 0 |
| Apteker ... | 5 0 |
| Bakker ... | 5 0 |
| Slagter ... | 5 0 |
| Eethuisher ... | 5 0 |
| Handelaar in vars produkte ... | 5 0 |
| Algemene handelaar ... | 5 0 |
| Marskramer ... | 2 0 |
| Wassery-bestuurder ... | 5 0 |
| Meulenaar ... | 5 0 |
| Motorgarage-bestuurder ... | 5 0 |
| Pandhuisher ... | 5 0 |
| Venter ... | 2 0 |
| Restaurant, verversings en teekamerhouer ... | 5 0 |

DERDE SKEDULE.

Ord. No. 3
van 1932.

LANDELIKE LISENSIERADE INGESTEL INGEVOLGE
DIE ALGEMENE HANDELAARS (KONTROLE)
ORDONNANSIE, 1926, WAT INGEVOLGE HIERDIE
ORDONNANSIE AS LANDELIKE LISENSIERADE
INGEGSTEL WORD.

| | |
|--------------------------------|-------------------|
| Die Landelike Lisensieraad van | Barberton. |
| ” | Benoni. |
| ” | Belfast. |
| ” | Bethal. |
| ” | Bloemhof. |
| ” | Boksburg. |
| ” | Brakpan. |
| ” | Brits. |
| ” | Carolina. |
| ” | Christiana. |
| ” | Ermelo. |
| ” | Germiston. |
| ” | Heidelberg. |
| ” | Johannesburg. |
| ” | Klerksdorp. |
| ” | Krugersdorp. |
| ” | Letaba. |
| ” | Lichtenburg. |
| ” | Lydenburg. |
| ” | Marico. |
| ” | Middelburg. |
| ” | Nelspruit. |
| ” | Pietersburg. |
| ” | Piet Retief. |
| ” | Pelgrimsrust. |
| ” | Pretoria. |
| ” | Potchefstroom. |
| ” | Potgietersrust. |
| ” | Rustenburg. |
| ” | Schweizer Reneke. |
| ” | Springs. |
| ” | Standerton. |
| ” | Vereeniging. |
| ” | Ventersdorp. |
| ” | Wakkerstroom. |
| ” | Waterberg. |
| ” | Witbank. |
| ” | Wolmaransstad. |
| ” | Zoutpansberg. |

Ord. No. 4
van 1932.

'N ORDONNANSIE

Om die „Schutten Ordonantie 1913” in sekere opsigte te wysig.

(Goedgekeur 23 Junie 1932.)

(Datum van inwerkingtreding, 6 Julie 1932.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

Wysiging van artikel 18 van die hoofwet. **1.** Artikel *agtien* van die „Schutten Ordonantie 1913” (hierin verder die hoofwet genoem) word hierby gewysig deur na die woord „magistraat” onderstaande woorde in te voeg:—

„'n Ontvanger van Inkomsten, enig persoon behoorlik daartoe door de Provinciale Sekretaris of Magistraat geautoriseerd.”

Wysiging van artikel 23 van die hoofwet. **2.** Artikel *drie-en-twintig* van die hoofwet word hierby gewysig deur na die woord „treden” onderstaande woorde in te voeg:—

„De schutmeester is verantwoordelik voor het gedrag van zodanig persoon in het nakomen van de plichten van schutmeester, en aansprakelik alsof hij in persoon tegenwoordig ware.”

Wysiging van artikel 24 van die hoofwet. **3.** Artikel *vier-en-twintig* van die hoofwet word hierby gewysig deur na die woord „overtreedt” die woorde „op dat tijdstip” in te voeg.

Wysiging van artikel 26 van die hoofwet. **4.** Artikel *ses-en-twintig* van die hoofwet word hierby gewysig deur na die woord „vasthouden” in te voeg: „Voor het doel van dit artikel wordt iedereen die vee opvangt en/of vasthoudt geacht dat hij zodanige vee vastgehouden heeft met het voornemen om het te schutten.”

Wysiging van artikel 27 van die hoofwet. **5.** Subartikel (4) van artikel *sewe-en-twintig* van die hoofwet soos gewysig deur artikel *een* (2) van Ordonnansie No. 10 van 1926 word hierby gewysig deur daarin die woorde „hierin bepaald” te skrap en die deur die woorde „zoals in dit artikel voorgeschreven” te vervang.

6. Subartikel (1) van artikel *dertig* van die hoofwet word hierby gewysig deur na die woorde „ in artikel *vier-en-dertig* ” die woorde „ plus de additionele overtredingsfoeien overeenkomstig de schaal voorgescreven in subartikel (4) van artikel *zeven-en-twintig* ” in te voeg.

Wysiging
van artikel
30 van die
hoofwet.

Ord. No. 4
van 1932.

7. Artikel *een-en-dertig* van die hoofwet word hierby gewysig deur toevoeging daaraan van onderstaande nuwe subartiekels; die genoemde artikel, soos oorspronklik verorden word dan subartikel (1) daarvan:—

Wysiging
van artikel
31 van die
hoofwet.

„ (2) Iedereen die met opzet en wederrechtelik vee in beslag neemt met de bedoeling om het te schutten, of vee opzettelik en wederrechtelik schut, wordt bij schuldigbevinding gestraft met 'n boete van ten hoogste twintig ponden sterling en bij gebreke van betaling met gevangenisstraf met of zonder harde arbeid voor een tydperk van ten hoogste zes maanden.

(3) Indien 'n dier wederrechtelik in beslag wordt genomen of wederrechtelik geskut wordt, stelt de persoon die het aldus wederrechtelik in beslag neemt of schut, zich bloot aan 'n kriminele vervolging en is bovendien aan de eigeenaar aansprakelik voor de betaling of vergoeding van alle schade en kosten welke mogen voortvloeien uit zodanige wederrechtelike inbeslagneming of schutten, benevens nog voor het dubbele bedrag van de schutgelden voor zodanig dier.”

8. Artikel *vier-en-dertig* van die hoofwet word hierby in die volgende opsigte gewysig:—

Wysiging
van artikel
34 van die
hoofwet.

(1) Deur in paragraaf (a) die item “ voor hoornvee, per stuk 6d.” te skrap en dit te vervang deur onderstaande nuwe items:—

„ Voor hoornvee, uitgezonderd
bullen, per stuk 0 6
Voor bullen, per stuk 2 6.”

(2) Deur in paragraaf (b) die item „ voor ieder stuk grootvee en voor iedere struisvogel, per dag 3d.” te skrap, en dit te vervang deur onderstaande nuwe items:—

„ Voor elke stuks grootvee,
uitgezonderd bullen, en
ieder struisvogel, per dag 0 3
Voor elke bul per dag 1 6.”

**Ord. No. 4
van 1932.**

(3) Deur in paragraaf (c) aan subparagraaf (1) onderstaande woorde daaraan toe te voeg—

„ en behalwe in het geval van bullen wanneer niet saamgejaagd met ander hoornvee waarvoor ls. per mijl of gedeelte ervan zal betaald worden.”

Wysiging
van artikel
37 van die
hoofwet.

9. Artikel *sewe-en-dertig* van die hoofwet soos gewysig deur artikel *drie* van Ordonnansie No. 10 van 1926 word hierby as volg gewysig:—

(1) Deur in subartikel (3) die woorde „ één uur namiddag ” te skrap en die deur die woorde „ elf uur voormiddag ” te vervang;

(2) deur subartikel (4) te herroep.

Wysiging
van artikel
89 van die
hoofwet.

10. Artikel *nege-en-dertig* van die hoofwet word hierby herroep en vervang deur onderstaande nuwe artikel:—

„ 39. De schutmeester mag niet persoonlik, of door bemiddeling van enige andere persoon, direkt of indirekt, aankopen doen, op 'n verkoping gehouden ingevolge de bepalingen van deze Ordonantie.”

Wysiging
van artikel
40 van die
hoofwet.

11. Artikel *veertig* van die hoofwet word hierby gewysig deur daaraan onderstaande woorde toe te voeg:—

„ De Magistraat word ook hierbij gemagtigd om op aanzoek van de schutmeester zodanig order te geven als hem goeddunkt in verband met de beskikking over of afmaking van een gevaarlik boosaardig dier, of dier dat door hem waardeloos en nietswaardig geacht word vanwege een of ander ernstig en ongeneeslik gebrek, ongeschiktheid of siekte.”

Wysiging
van artikel
44 van die
hoofwet.

12. Paragraaf (b) van subartikel (2) van artikel *vier-en-veertig* van die hoofwet word hierby as volg gewysig:—

(1) Deur na die woorde „ de verkoop van zulk vee ” die woorde „ hetzij bij het schut of ” in te voeg.

(2) Deur toevoeging aan die end daarvan van die woorde:—

„ Indien de magistraat besluit dat de verkoping op de genoemde plaats zal worden gehouden, heeft de schutmeester het recht uit de opbrengst van de verkoping zodanig

redelik bedrag voor zijn reiskosten af te trekken als voor ieder geval door de magistraat zal worden bepaald."

Ord. No. 4
van 1932.

13. Artikel *ses-en-veertig* van die hoofwet word hierby gewysig deur na die woord „zijn ” waar dit vir die twedemaal voorkom, die woord „ direkt ” in te voeg.

Wysiging
van artikel
46 van die
hoofwet.

14. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doel- indes aangehaal word as die Skutte Wysigings Ordonnansie 1932.

Kort titel.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 5
van 1932.

Met die doel om die Visbeskermings Ordonnansie, 1921, in sekere opsigte te wysig.

(Goedgekeur 23 Junie 1932.)

(Datum van inwerkingtreding, 6 Julie 1932.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg BEPAAL:—

1. Die uitdrukking „ die Hoofwet ” beteken in hierdie Ordonnansie die Visbeskermings Ordonnansie, 1921.

Vertolking.

2. Artikel *vier* van die Hoofwet word hierby gewysig deur onderstaande nuwe sub-artikels daaraan toe te voeg:—

Wysiging
van artikel
4 van
hoofwet.

- (g) waarby die verkoop van varswatervis beheer en beperk word;
- (h) waarby elkeen belet word om enige soort stof of vloeistof, wat vir die lewe van visse nadelig is of kan word, in 'n rivier, spruit, pan, dam, kuil of ander water te werp, plaas of te gooi, of toe te laat dit daarin gewerp, geplaas of gegooi word;
- (i) waarby elkeen belet word om enige soort vis in 'n rivier, spruit, pan, dam, kuil of ander water los te laat;

Ord. No. 5
van 1932.

(j) waarby een of meer ere-visvangsbeampies en/of 'n toesigvoerende visvangsbeampie vir die Provinsie of 'n distrik daarvan aangestel word met die doel om behulpsaam te wees by die toepassing van hierdie Ordonnansie.

Kort tiitel. 3. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Visbeskerming-wysigingsordonnansie, 1932.

Ord. No. 6
van 1932.

'N ORDONNANSIE

Om die Perdewedrenne en Weddensappe Ordonnansie
1927, te wysig.

(Goedgekeur 23 Junie 1932.)

(Datum van inwerktrading, 6 Julie 1932.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg BEPAAL:—

Wysiging
van artikel
20 (2) van
Ordonnansie
No. 9 van
1927.

1. Subartikel (2) van artikel *twintig* van die „Perdewedrenne en Weddensappe Ordonnansie”, 1927, soos gewysig by artikel *twee* van Ordonnansie No. 21 van 1930, word hierby gewysig deur onderstaande woorde daaraan toe te voeg:—

„ en nie belet is nie om lid te word ingevolge 'n besluit deur die komitee geneem kragtens die bevoegdhede verleen by regulasie uitgevaardig ingevolge paragraaf (j) van artikel *drie-en-twintig*.”

Kort tiitel. 2. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die „Perdewedrenne en Weddensappe Wysigingsordonnansie” 1932.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 7
van 1932.

Tot aanwending van 'n verdere som van hoogstens £360,000 op Rekening vir die dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1933

(Goedgekeur 27 Junie 1932.)

(Datum van inwerkingtreding, 13 Julie 1932.)

(Afrikaanse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg BEPAAL: --

1. Op en na die eerste dag van April 1932 mag uit die Provinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrek word, by mekaar geneem nie meer te bedra dan die som van driehonderd en vyftigduisend pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie, vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1933, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëienings-ordonnansie.

2. Alle somme wat uitgekeer word kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, sal aangemerkt word as voorskotte op rekening van toelae wat sal verleen word in 'n Toeëienings-ordonnansie vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1933, en dadelik by die aanvang van sulke Toeëienings-ordonnansie sal hierdie Ordonnansie ophou van krag te wees, en uitkerings wat hieronder al gemaak is sal geag word uitkerings te wees gemaak kragtens die Toeëienings-ordonnansie en sal verantwoord word ooreenkomstig met die bepalinge daarvan; mits dat geen dienste waarop geen uitgawe was beloop nie gedurende die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1932, of waarvoor geen wettige magtiging bestaan nie, sal geag word onder hierdie Ordonnansie gemagtigt te wees.

3. Hierby word sodanige somme geld as wat nodig is, in totaal hoogstens tienduise pond, op die Weëfonds Rekening geboek tot tyd en wyl die Raad daarvoor voorsiening maak in 'n Toeëienings-ordonnansie.

4. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Tweede Toeëienings (Deel 1932-1933) Ordonnansie, 1932.

£350,000 mag verstrek word uit die Provinsiale Inkomstefonds.

Uitkerings onder hierdie Ordonnansie aangemerkt te word as voorlopige voorskotte.

£10,000 kan van Weëfonds uitgerek word.

Korte tietyl.

Ord. No. 8
van 1932.

'N ORDONNANSIE

Vir die instelling van Komitees vir Begraafplase geleë buite Munisipaliteite en vir die beheer, toesig en reëling daarvan.

(Goedgekeur 12 Julie 1932.)

(Datum van inwerkingtreding, 27 Julie 1932.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

DIT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg BEPAAL:—

Definisies. 1. Tensy dit duidelik blyk dat 'n ander betekenis daaraan geheg moet word, beteken in hierdie Ordonnansie:—

- „Administrateur”, die amptenaar benoem kragtens subartikel (1) van artikel *agt-en-sestig* van die „Zuid-Afrika Wet, 1909” of enige wysiging daarvan, handelende op gesag van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie;
- „begraafplaas”, enige stuk grond wat kragtens artikel *drie* (1) van hierdie Ordonnansie tot begraafplaas verklaar is;
- „komitee”, 'n begraafplaaskomitee ingestel kragtens artikel *twee* (1) van hierdie Ordonnansie;
- „plaaslike bestuur”, 'n Stadsraad, Dorpsraad of Gesondheidskomitee ingestel kragtens die „Plaaslike Bestuur Ordonnansie 1926” of enige wysiging daarvan;
- „munisipaliteit”, die gebied of distrik wat onder die regsbevoegdheid van 'n Plaaslike Bestuur gestel is.

Instelling
van
begraaf-
plaas-
komitee.

